# Gebedsbrief

*… een in liefde, een van hart, een in strewe*

## Kom ons word stil

### God het sy wil duidelik gemaak

In hierdie tyd het ons die Paastyd herdenk. Jesus se sterwe aan die kruis en die leë graf. Die feit dat Jesus **ALLES** gedoen het om ons **TE RED** en **TE HEILIG** het my weereens getref. Hy maak ook **SY WIL** aan ons bekend dat ons kan weet **HOE OM TE LEWE.**

**Miga 6:8** Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die **HERE** van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?

God het in sy goedheid aan ons bekend gemaak wat goed is in sy oë en wat vir ons goed is. Ons moet die Here **VERTROU** dat indien ons **SY BEVELE VOLG** om reg te doen en liefde te beoefen, ons 'n **SINVOLLE EN OORVLOEDIGE LEWE** sal lei. Ons moet telkens soek om reg te doen in ons verhouding met God en ander. Die **LIEFDE** is die **MEETSTOK** waaraan ons alles kan meet. Wanneer ons in ootmoed voor die Here wandel, in gebrokenheid, doen ons wat die Here wil hê. Hy wil dat ons in **TOTALE AFHANKLIKHEID** aan Hom lewe.

Laat die bevel van die Here bindend vir ons wees in elke situasie en verhouding. Ons moet **DAAGLIKS** in hierdie **STRYD** van die geloof staan en vashou aan die oorwinning wat Jesus aan die kruis behaal het en dat die dood en die sonde deur Hom oorwin is.

**GOD** sal ons **OMARM** met Sy **LIEFDE** en **SEEN** op ons paaie.

## Sendelinge

### Laureti's & Theron's

Ons was bevoorreg om ons sendelinge *Lourens & Marie Laureti* en *Thys & Antonette Theron* in Suid-Afrika te hê vir onderskeidelik 6 en 3 maande.
Alhoewel dit 'n besige tyd van rondry en deputasie werk was *(Lourens het by meer as 70 geleenthede gepraat en in 30 verskillende beddens geslaap)*, glo ons dat hulle uitgerus en geestelik versterk is om met hernude ywer en krag die Evangelie van Jesus Christus te gaan verkondig. Dat hulle te midde van swaarkry en vervolging tog sal onthou om *die oog op Jesus gevestig te hou - die Een wat die Begin en Voleinder van ons geloof is.*

Bid Saam vir:

- Gesondheid vir albei families
- Volharding
- Insig om moeilike situasies te hanteer
- Bekerings
- Eensgesindheid van mede-gelowiges
- Aanpassing van kinders - na 6 maande in Suid-Afrika sal die "boslewe" weer iets nuuts wees

## Indien u betrokke wil raak

Indien die Here dit op u hart lê en u graag by Adullam Sending se projekte betrokke wil raak, is u welkom om ons te kontak.
Adullam-kantoor: Tel (017) 689 2001 / 4 of E-pos: adullamaca@secunda.co.za. Die Here seën u!

Adullam Sending Posbus 7077 Secunda 2302 Mpumalanga SUID AFRIKA Tel (017) 6892001/4 Faks (017) 6892018

**Uitgawe: Mei '11**

# Sendelinge vervolg....

## Sylvestor Tsotetsi

Sylvestor doen uitreike in die Emzinoni Plakkerskamp (Bethal). *Bid* asseblief *vir* sy bediening waar hy die WOORD bring in: skole, tronke, tentdienste, kerkdienste en met berading. *Bid vir* hom vir wysheid met elke persoon, vir volharding en vir seën in sy bediening. *Bid vir* 'n persoonlike verdieping in sy verhouding met JESUS CHRISTUS.

## Sipho and Siphokazi Ndlazi .....

...... Vir die afgelope 5 jaar in Mpangeni, Richard's Bay, Kwazulu Natal. Sipho het sy werk by Sasol bedank en gevoel die Here lei hom om voltyds in Sy diens betrokke te raak. Hulle doen evangelisasie werk in verskillende plekke en met 'n groot verskeidenheid mense. Hulle besoek mense in hulle huise, by skole, hospitale, klinieke en tronke. As die geleentheid hom voordoen gaan hulle ook uit in die plattelandse omgewing om daar te preek.

Bid saam vir:
- Volharding om die Woord suiwer te verkondig
- Gewillige harte om die Evangelie te hoor
- God se voorsiening in hulle fisiese en geestelike behoeftes

En Onthou: Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld!
Mattheus 28:20b

# Uitreike en Aktiwiteite

## Crista Scholtz - Besoeke aan "Mission Pre-Schools"

Gedurende die eerste kwartaal van 2011 het Crista Scholtz die "Mission Pre-Schools" van Adullam in Klerksdorp en Palmridge besoek. Om 'n onderwyser in so lokasie skool te wees is glad nie 'n maklike taak nie maar dit is 'n GROOT uitdaging.
Ons is dankbaar vir toegewyde onderwysers wat te midde van moeilike omstandighede, primitiewe fasiliteite en finansies wat min is, tog bereid is om te staan vir die WAARHEID. Ons sien dat die aanvraag groot is,want ouers wil graag hulle kinders in 'n skool opset sit waar die kinders baie dinge geleer word.





Bid Saam vir:
~Toegewyde onderwysers
~Volharding om te bly staan in 'n wêreld wat elke dag meer en meer sleg raak
~Ouers om hulle verantwoordelikheid na te kom
~Ouers en kinders om afstand te doen van voorvadergees aanbidding
~Finansies om hierdie skole wat die waarheid verkondig word oop en aan die gang te hou





## Thomas Dhlamini...

Gedurende die eerste kwartaal van 2011 het Thomas leierskapskursusse aangebied vir verskeie skole in die omgewing oa Embalenhle en Bethal. Dit is as deel van die LLC (Let Children Come) Jeug Organisasie. Oor 'n tydperk van twee weke het meer as 200 kinders die geleentheid bygewoon.

Die Leierskapskursus strek oor twee dae en die volgende areas word behandel:

*Teamwork*
*Leadership Skills*
*Communication Skills*
*Problem Solving*
*Thinking Skills*



Bid saam dat die saad wat gesaai is gedurende hierdie tyd sal ontkiem en sal groei. Dat dit wat die kinders gedurende hierdie tyd geleer het oor leierskap toegepas sal word. Die belangrikste is dat hierdie kinders tot die Kennis van die Waarheid


## Shofar Christian Church - Briefie van een van hulle lede wat elke maand kom



A bit of background to how we got involved at Adullam:

March 2010. We are a group of young people planting a Shofar Christian Church in Secunda and we had a meeting and felt a need to serve in the community. We prayed about this and trusted the Lord to give us opportunity. Not even 3 days later I was in town doing some grocery shopping when I saw a tannie carrying a lot of groceries and struggling down the stairs, I walked past, but something stopped me and I turned around and offered to help her carry her groceries to the car. She was very thankful and we got chatting. All the way to the car she asked me about myself and I didn't get a chance to ask her anything! I loaded the stuff off in the car and said goodbye and walked off, again I felt that I needed to ask her what she did for a living. This is when Tannie Annake proceeded to tell me all about Adullam and what they are involved in. I immediately knew that this was of the Lord, He had set up this divine appointment! I took her number right there and then.





We then also shared with other friends from another cell group about this opportunity and they were also very excited about it. We went through to the farm the following week and met with Oom Japie and Tannie Annake and as they say the rest is history! Slowly but surely we got involved at the farm, met Johan and he has been a great help ever since, always arranging the work that needs to be done and always eager to support us.

We've been involved in a number of activities and projects on the farm. We started out with painting the office roof (which is still looking great a year later!), we purchased a weed-eater for Adullam and used it the first time to clear the fences. We've done a lot painting (inside bathrooms, classrooms and all sorts), we've installed a geyser, moved drainage pipes, cleared garden areas, cut down trees (big & small!), planted tomatoes & other seeds. We've also had a few good bail loading sessions in the veld, helped prepare the koshuis garden by cleaning the area and installing irrigation, built and installed classroom cupboards, helped weld and screw the bus port roof together and even put out a fire! J There is also a project team consisting of the different disciplines of engineering which is investigating how Adullam can utilize their source of gas from the undermining, we hope that this will add a lot of value. We involve as many people from our community as possible and encourage anyone to join us at Adullam monthly.



All in all, we are really blessed to be involved at Adullam and serving the people there. We look forward to the times ahead! We plan to come on the first Saturday of every month and usually meet with Johan in the week before to discuss which work will be priority on the day.

# Algemene Nuus


## Heining

Ons is dankbaar om te kan sê dat die Here aan die einde van 2010 dit moontlik gemaak het dat 'n beton heining reg rondom Adullam opgesit kon word. Die veiligheid van Adullam het nogal swaar op die harte van ons medewerkers gelê, en ons het dit 'n saak van gebed gemaak. Die Here was getrou en ook soos soveel kere in die verlede ons gebede verhoor. Dankie ook vir almal wat daagliks saambid vir ons veiligheid en beskerming hier op Adullam.



Bid saam vir:

- Installering van geelektrifiseerde draad bo-op beton heining
- Installering van 'n elektriese motor vir die hek



> Fil 4:6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

## Grasdak vir Kerk



Ons is dankbaar dat ons onlangs die grasdak van die kerk kon opgradeer met 'n nuwe laag gras.

Sê dankie:

- vir God se voorsiening om die dak te kon vervang

Bid saam vir:

- die laaste afrondingswerk wat nog gedoen moet word, soos om die dak brandbestand te maak

## Nuwe bakkie

In die begin van die jaar het een van ons medewerkers plantjies in Johannesburg gaan koop vir ons groentetuin. Terwyl hy daar was is ons Isuzu bakkie gesteel. Dit was inderdaad vir ons 'n groot verlies, aangesien die bakkie amper daagliks in gebruik was om verskillende werke te doen. Iemand het ons nood gesien en geld geskenk sodat ons 'n nuwe bakkie kon koop. Hierdeur het ons maar net weer gesien dat God getrou is en dat Hy altyd vir ons voorsien, maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Sê dankie vir:

- God se getrouheid en voorsiening in elke area van die werk hier op Adullam

Bid saam vir:

- die veiligheid van ons voertuie en toerusting ten alles tye

> Matt 6:19-21 "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak, waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar; waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. WAAR JOU SKAT IS DAAR SAL JOU HART OOK WEES.



Isaac Kumbande een van ons medewerkers op Adullam en sy vrou Enez van Mosambiek het in die huwelik getree op 20/02/2011



Leerlinge van ACA besig om meer te leer oor veiligheid



Daniel kry die kans om die "Jaws of Life' vas te hou

Adullam Sending Posbus 7077 Secunda 2302 Mpumalanga SUID AFRIKA Tel (017) 6892001/4 Faks (017) 6892018

**Uitgawe: Mei '11**